AFRIKAANS TWEEDE TAAL SG VRAESTEL 3

Die meeste kandidate het gebrekkige insig getoon wat Afdeling B betref. Baie is nie vertroud met die briefvorm nie en het nie eers ‘n adres geskryf nie. By Afdeling C waar twee antwoordblaaie verskaf is, het sommige kandidate die instruksies geïgnoreer en vrae in die antwoordboek beantwoord. Lengtevoorskrifte is in baie gevalle in al die afdelings geïgnoreer. In Afdeling B is die dialoog en die dagboekinskrywing selde beantwoord. Paragrafering het ook dikwels ontbreek.

Kandidate se vermoëns t.o.v. gereedheid vir hierdie vraestel behoort deeglik bepaal te word. Die oorgrote meerderheid van die deeltydse kandidate het bewys gelewer van gebrekkige voorbereiding. Uitblinkers was daar wel, maar hulle was dun gesaai. Deegliker onderrigmetodes t.o.v. die vereiste skryfvorme word sterk aanbeveel.